Thank you, Mr President, the ball is back in our court on what the President has put forward, whether we could have any comments on that, and if I can just recollect, the President has spoken about the money that is being spent on by the CCN, that much we know, and he has indicated that would we not think in terms of spending more money to counter the work of our enemies inside the country rather than outside, and he spoke about the base of government, whether we could not think in terms of broadening it, and the protection of minorities in the country, how we suggest we can proceed about that, how you can protect the minorities. And then, of course, the number of members in Parliament which we envisaged, whether it is not better to decrease the members of the Parliament and to think more in terms of devolution. He has stated clearly that he is a concerned person about what is happening in our country. He is not interfering, he is merely stating things as he sees what are some

of our problems. So in that spirit we would wish that we could respond to what he has said, whether we respond right away or whether, on some matters we may have to find time to think about, before we can respond.

Mr Shipanga

Mr President, I will only address myself on two points, that is the CCN as well as the broadening of the base. Actually the CCN is now openly SWAPO. They had a conference in Windhoek, called by the CCN for the parties opposed to our government. They met SWAPO, they met all kinds of elements, but I think the time is coming, we have talked about that among our ranks, something has to be done. But then, Mr President, you are right about counter-acting the CCN/SWAPO alliance money, with the money of the State also. Because it is no use to prevent people trying to say they are helping those who are in need. I think the time will come when, I think, we have to look at the South African Council of Churches, we could have a closer look at the report of the Eloff Commission, whether we could not do something on those lines.

Concerning the broadening of the Government base, Mr President, we started off first with 8 parties ... two left the MPC. We have had a problem Mr President. When Mr Garueb, while sitting with us in the MPC, the Multi Party Conference, he used to disappear, he claims he went to Botswana But all the same, he was in Lusaka informing Sam Nujoma about our plans. We are afraid, if it is only for the sake of broadening, we may also accommodate some snakes who are working with our enemy. It is, I think, Mr President, we believe it is better to work with people we know they are not in ... with your enemy. Things are

UITERS GEHEIM

-21-

happening in our country, we know which groups are being used now, trying to get information from our Government. Since, if we have to talk about other parties, SWAPO is not one of them, they would not come in, it is Garueb and Kalangula pulled out of their own free will out of the MPC moved freely together. Kalangula refused to be associated with the MPC, from the beginning. When ... talked to him to spread unfounded rumours against the security forces in our country, as well as to make problems for the Defence Force personnel, whether they are teachers or doctors, we don't know. Where Mr Kalangula must come into this Government is not clear to me, whether he could really contribute positively. He may even bring a lot of problems and confusion, I don't know.

Mnr Mudge

Mnr die Staatspresident, nee baie kort, ek wil weer terugkom na die struktuur wat ons moet skep om hierdie konsultasie te kan behartig. Ek wil net sê dit moet van u kant af kom hoe u voel u Regering verteenwoordig moet word, want ek wil nie graag hê ons moet nou naderhand individueel na Ministers toe gaan en vir die AG miskien probleme skep nie. Ek dink dit sal goed wees as u maar vir ons sê die volgende van my mense sal beskikbaar wees en ons moet van ons kant besluit wie ons gaan verteenwoordig. Daar mag gevalle wees, dit het al gebeur en ek hoop dit het u goedkeuring weggedra, maar ek het dit deur middel van die AG gedoen, wanneer ek byvoorbeeld finansiële aangeleenthede met die Adjunk-minister van Finansies bespreek het. Maar dan het dit nou nie oor die konstitusionele toekoms gegaan nie, dit het suiwer net oor doeane en aksyns gegaan. So mag dit wees dat ons ook met ander Ministers wou gesels het.

UITERS GEHEIM

UITERS GEHEIM

-22-

Mnr die Staatspresident, as u my sal toelaat wil ek net graag een opmerking maak. Toe u gepraat het van minderheidsgroepe, het u dit op so 'n manier gedoen dat ek dit nie kon misverstaan het nie, dit was goed bedoel en ek aanvaar dit so. Ek wil net vir u sê dat ek persoonlik baie bekommerd is oor een minderheidsgroep in Suidwes en dit is die minderheidsgroep wat die verkiesing gaan verloor, die politieke minderheidsgroep in vergelyking met SWAPO. Ek dink dit is die minderheidsgroep waaroor ons die meeste bekommerd moet wees want dit is hulle op wie die ander minderheidsgroepe weer moet staatmaak om 'n reg van bestaan in die land te hê. As SWAPO die verkiesing wen, is daar in elk geval geen toekoms vir minderheidsgroepe nie. As ons as 'n politieke ideologiese groep, wat anti-kommunisties en anti-marxisties is, as ons maar net eers die hekkie kan spring, dan dink ek tussen ons wat hier sit, is daar, wat die ander minderheidsbelange betref, geweldig baie begrip, ek het dit agtergekom. Ek dink nie ons wil ortodoks wees in die wyse waarop ons dit doen nie, miskien moet u ons toelaat om maar op ons eie manier dit te doen. Maar dat ons belange daarby het, ek twyfel geen oomblik nie, ek dink daar bestaan daarvoor 'n besondere waardering en ons sal dit miskien op ons eie manier doen.

U weet, om die basis van die regering te verbreed, ek het al 'n paar pogings in my lewe aangewend om te kyk of ons mense kan bymekaar maak, maar ek kan vir u dit sê, u weet dit ook beter as ek, dit is makliker om 10 000 mense aan jou kant te kry as om een leier aan jou kant te kry. Gewoonlik vind 'n mens, vat die leier dan het jy die mense. Ons het een so 'n geval gehad dat ons dit reggekry het sover, andersins dink ek moet ons maar die mense onder die leiers uitvat en dan kyk ons of ons nie daarmee vinniger kan vorder nie. Ek maak net die stelling,

UITERS GEHEIM

ek is nie 'n profeet wat dit betref nie, maar ek dink dit is werklik 'n probleem wat ons met 'n leier soos Garueb het. Hy is 'n draadsitter, hy was sy lewe lank nog 'n draadsitter en u weet, as u net, ek weet u propageer hom nou nie, maar as u net dink, ons het probeer om hom in die Turnhalle te kry, hy was amper daar toe loop hy weg. Ons het probeer om hom in 'n vorige regering te kry, hy was amper daar toe loop hy weg, ons het hom halfpad in hierdie regering in gehad, hy was amper daar toe loop hy weg. Ons het nou al drie keer die trein gestop om hom op te laai, hy klim nie op nie, hy sal ook nooit opklim nie. So al genade is ons vat maar sy mense en ons los hom waar hy is dat hy maar na SWAPO toe gaan. Ek is bevrees mnr Kalangula is presies dieselfde. Hy sal nie opklim nie en ek dink die eerste tekens is daar dat sy mense besig is om hom te verlaat. Ons sal maar die mense oplaai en op dié manier dink ek sal ons ons basis sover as moontlik verbreed sodat ons die bevolking agter ons kan kry. Ons begryp die belangrikheid daarvan.

Mr Katjioungua

Mr President, I fully agree with your advice in terms of our priorities and I think that when we discuss our budget, we should make a number of calculations in terms of domestic requirements and concerns. I fully agree with you and I think that when we come to the point, we must definitely take that into account. CCN is buying people and it is very funny that they are not buying the most hungry ones in the streets who were looking for jobs on the pavements, but they are sorting out communities who are political sensitive ... but they are very selective. To broaden the base of this government, I think one can also look at it from an entirely different perspective. I think that the capacity of this Government of

ours the ... as we call it, to deliver the goods to the people, to be seen as being helpful, to provide jobs, schools, services etc. Those are the things that will make the people to look more sympathetically to us than the pure objective of trying to get over political figures in the Government. People must see us as big, a change, a progress for them and that type of thing. On the 12th August 1983 I went to ... to talk to Peter Kalangula. Kalangula's problem is Dirk Mudge ... political problems,

One morning we were having breakfast at the table and Mr Mudge, The last point is, minority rights. In section 9 of our Bill of Rights, we think we have gone an extra mile to provide that protection ... I also agree with you, Mr President, that two institutions are going to be too expensive for us, therefore we should try to make a trade-off between accommodating everybody and making things economic. I think that is very important. I agree with you about the devolution of things to allow people to take part in local affairs.

President

You see there is one thing that the people of SWA have in common with the South Africans. You are a lot of individualists and so are we. I have more or less 18 million vice-presidents in South Africa, telling me how to do my job. I think you will find that you have more than a million vice-presidents or vice-chairmen of your Cabinet in South West Africa. So the only solution is a system of devolution of power to allow people to carry the responsibility and that is why I raised this matter. In Russia you don't need the devolution of power because there have been slaves for more than 600 years.

Mnr Van Zyl

Dit gaan baie kort wees. Met dit wat mnr Katjioungua gesê het oor die benadering ten opsigte van minderheidsregte en wat u gesê het, stem ek saam, ek dink nie dit is nodig dat ek daaroor enige iets hoef te herhaal nie. Ek wil ook dus net baie kortliks twee punte aansny en dit is die kwessie van ons prioriteite. Ek gaan nie nou daaroor in besonderhede praat nie, maar ek wil net vir u een ding noem. Daar is verskillende maniere waarop jy die CCN-aksie kan beveg. Maar ek dink die belangrikste manier waarop jy hom kan beveg is byvoorbeeld om die mense, en nou verwys ek meer bepaald na die werklooses, tevrede te stel. Hulle sit, ek belowe vir u, hulle sit op die sypaadjies, met ander woorde daardie mense het amper nie 'n ander alternatief nie, as om kwaad te doen nie. Ek gaan nie vandag nie, maar ek rig my nou tot u Minister van Finansies, ek belowe nou vir u as ek R5 miljoen in die hande kan kry, dan praat ek nou op landbougebied, kan ek 'n skema in werking stel, hy is klaar uitgewerk, in terme waarvan ons 10 duisend werksgeleenthede vir 'n jaar kan skep. Dit is nie net 10 duisend werksgeleenthede wat ons skep nie, maar ons gaan in daardie proses ook 'n ander groot probleem van ons oplos en dit is vir bos .. Die 5 miljoen word onmiddellik 10 miljoen want dit sal op 'n rand-vir-rand basis gedoen moet word. Ek gaan nie nou vandag in besonderhede daaromtrent nie, maar u weet dit is daardie soort ding waar Suid-Afrika R500, R600 miljoen spandeer aan werkloosheid, kan ons van baie kleiner syfers praat om min of meer dieselfde soort effek te kry. Maar ek belowe vir u ek kan nie daardie 5 miljoen kry nie. Dit is my dilemma. Die skema is klaar uitgewerk. Dit noem ek maar net so in die verbygaan.

Kan ek net baie vinnig nog net een punt aanhaal, mnr die President, en dit is die kwessie van die verbreding van basis. Ek dink daar is tussen ons almal nie presies dieselfde beklemtoning nie. Miskien lê die aksente nie altyd op dieselfde plek nie. Ek wil nie herhaal wat my kollegas gesê het nie, ons ken ons persoonlikhede, ons politieke leiers in SWA, u ken ook baie van hulle, soos u ook u eie kollegas in Suid-Afrika ken. Dit gaan nie vir my daaroor nie. Dit gaan nie vir my oor die aanvaarbaarheid van byvoorbeeld 'n Kalangula, of 'n Garueb of so nie, dit gaan vir my oor die legitimiteit van die Oorgangsregering en hy kan alleenlik legitimiteit kry as hy die meerderheid van die inwoners van Suidwes-Afrika aan sy kant kry. Daarom kan ek maar net vir u sê is dit my persoonlike benadering dat, ek gaan vandag vir u sê, ek en Pieter Kalangula is definitief nie persoonlike vriende nie, ons kon nooit as persone op dieselfde golflengte kom nie. Maar ek gaan my nie daarvan laat afsit nie. Mnr, as ek Lusaka toe ry om met Sam Nujoma op dieselfde golflengte te probeer kom, dan kan ek dit baie moeilik teenoor my mense verdedig dat ek by die Kalangulas en die Garuebs en daardie manne, verbygaan. Daarom wil ek net vir u sê, my gevoel is dat hierdie Regering moet probeer om sy legitimititeit by die mense van SWA te verhoog. Hoe hy dit moet doen, oor daardie besonderhede wil ek nou nie vandag my probeer uitlaat nie. Ek dink daar is verskillende maniere waarop dit gedoen kan word. Ek dink u het 'n paar van die goed behandel, ons moet baie ernstig oor daardie dinge praat.

Mnr Botha

Ek wil net dit sê. Die persepsie oorsee oor Owambo, en ek sê nie dit is noodwendig die waarheid nie, ek het nie die feite nie, is dat mnr Kalangula inderdaad 'n oorweldigende meerderheid van die Owambos verteenwoordig. Dit is 'n persepsie. Die

UITERS GEHEIM

-27-

persepsie is ver in Westerse lande, maar moet nou nie vir 'n oomblik dink ek maak staat op Westerse standpunte nie want hulle oordeelsvermoë ten opsigte van belangrike sake is baie sleg. Maar ek praat van 'n persepsie, dat in Kalangula is eintlik 'n effektiewe teenvoeter teen SWAPO, dat in Owamboland staan net Kalangula teen SWAPO, dat Kalangula die vermoë het om SWAPO daar 'n drag slae toe te dien. Dit is 'n persepsie wat ek net hier noem en as u dus hierdie persepsie in ag kon neem, ek persoonlik, op grond van inligting waaroor ek wel beskik, dink nie dat 'n Kalangula op die oomblik by u sou wou aansluit nie, maar dat hy sou wou saamwerk, daaraan het ek geen twyfel nie, dat hy sou wou saamwerk as 'n sekere probleem van "face-saving" en so aan oorkom kan word. Maar die eintlike probleem - ek wil dit nie opper hier vandag nie, President, ek vra net dat die here daaraan moet dink - hy is die hoof van 'n regering in Suidwes. 'n Regering op 'n ander vlak. Hy het die meerderheid en 'n wetgewende raad. Moet 'n mens nie, ek vra maar net, internasionaal, sou dit suiwer uit Suid-Afrika se buitelandse oogpunt, nou nie 'n aangename ding wees as net in Owambo 'n verkiesing of referendum gehou moes word nie, maar dit is so belangrik dat, wat my aanbetref, moet ons maar die bietjie pyn dan vat van internasionale teenkanting teen so 'n poging. Moet 'n mens nie maar oorweeg dat Owambo 'n verkiesing kan hê nie? Dan kan dit mos uitgemaak word watter steun DTA het, of u het of van die ander partye het en watter steun mnr Kalangula het. As die man dan die bewese steun het, en hy is anti-marxisties, en hy is anti-SWAPO en hy kan met u saamwerk en 'n samewerkingsooreenkoms bereik, dan sal die internasionale persepsie teenoor u ook baie gunstig wees. Ek noem dit net.

UITERS GEHEIM

Mnr Mudge

Kan ek net sê mnr Botha, die Minister van Buitelandse Sake, het nou 'n baie belangrike punt genoem toe hy van die moontlikheid van 'n verkiesing gepraat het. Ek weet wat al die risiko's verbonde aan 'n verkiesing in Suidwes-Afrika in hierdie stadium is. Ek persoonlik wil maar net vir u sê ek is 'n baie groot voorstaander van verkiesings, ek sê dit vir u. Daar is net een probleem wat ek daarmee het en dit is dat ons moet nou nie op so 'n manier verkiesing hou dat dit lyk of ons 435 vooruitloop nie, maar as ons dit op 'n manier kan doen, sal ek 'n ondersteuner daarvan wees. Nou wil ek net dit vir u sê, mnr Kalangula het van ons destyds weggegaan net om een rede, ek kan dit vir u sê, ek ken die man, Kalangula is 'n diktator, hy glo nie daaraan om saam met 11 of 8 of 6 of 7 ander leiers te regeer nie. Dit was nog al sy lewe lank sy probleem. Hy is 'n absolute diktator en hy is weer nou in Owambo 'n diktator. Ek kan maar vir u die versekering vandag hier gee, dit is 'n kwessie van tyd of sy kollegas gaan hom los. Kalangula is die een leier in Suidwes-Afrika wat nog nooit aan 'n verkiesing deelgeneem het nie. Hy is nooit verkies nie, hy was 'n tolk in die stadium toe die verkiesings plaasgevind het, hy het homself ingemaneuver in die posisie waarin hy nou is, en hy gaan weer op dieselfde manier daaruit. Dit kan ek u verseker. Mnr, die Owambo kan ons nie ignoreer nie, die mense van daardie gebied moet ons aan ons kant kry. Maar regtig, mnr die Staatspresident, eerlikwaar u weet u het ook mense in hierdie land wat u vir my sal sê: Dit help nie om hulle aan jou kant te kry nie, want hulle gaan net vir jou geen voordeel wees nie, hulle gaan net vir jou 'n verleentheid wees. Kalangula is een van die mense wat vir ons net 'n verleentheid gaan wees, want sy mense

volg hom net vanweë die magsposisie waarin hy verkeer. Hy sit daar, hy maak en breek soos hy wil, hy intimideer die mense en op daardie manier hou hy hulle, hulle is bang. Maar nou het die Kwanjamahoofman al weggebreek, die senior man soos u self weet. Laas naweek was Ndonga, tweede hoofman, ook in 'n geveg met Kalangula betrokke en ek dink dit is net 'n kwessie van tyd, dan gaan ons dalk 'n meer verstandige man daar kry en dan kry die Regering hulle samewerking. Ek is oortuig ons kan daardie mense aan ons kant kry. Shipanga het invloed onder hulle, ons almal saam het 'n bietjie invloed daar. Maar hy sit in 'n gesagsposisie, nou intimideer hy die amptenary, intimideer die hoofmanne, hy is op 'n roekelose manier besig en om hom aan jou kant te kry is om moeilikheid te soek.

Mnr Du Plessis

President, ek wil net graag vir die here sê dat, wat lopende inkomste betref, het ons baie groot probleme met ons begroting. Ons het werklik vanjaar ons begroting tot op die been gesny, in terme van die beplanning. Ons is werklik nie in 'n posisie om op die basis van 'n bewilliging uit lopende inkomste vir u te help nie, maar ons kan met u gesels om te kyk of ons vir u teen baie lae rentekoers geld kan voorskiet, want ons sal dit self moet leen en wat betref die rentekoers kan ons dus met mekaar gesels om dit so laag as moontlik vir u te kry. Met ander woorde ons kan nie vir u uit en uit 'n bedrag oordra nie, maar ons kan vir u dalk heelwaarskynlik 'n lening gee teen 'n baie lae rentekoers om vir u daarmee te help. Ons het self die diepste begrip, nie net vir die persoonlike ontbering wat gepaard gaan met werkloosheid nie, maar die politieke implikasies

in 'n plofbare sensitiewe situasie van mense wat op die sypaadjie sit. So ons het begrip daarvoor en ons sal vir u op daardie basis kan help, maar vergewe ons as ons ten opsigte van selfs 'n relatiewe klein bedrag soos daardie, nie 'n bewilling kan oorweeg nie. Tewens, as hierdie tafel kon praat dan sou hy vir u gesê het hier het al baie bloed geloop hierdie jaar oor bedrae wat kleiner is as dit wat betref die Suid-Afrikaanse begroting wat in sy wese eintlik soveel groter is as u begroting. Derhalwe, ook in billikheid teenoor my kollegas, sal ons liever moet praat oor 'n laekoerslening. Die besonderhede daarvan kan ons so gou as moontlik met mekaar uitklaar.

Mnr Diergaardt

Ek het totale en volle vertroue in wat die Suid-Afrikaanse Regering doen in Suidwes-Afrika. Trouens, ek wil u geluk wens met die ferme standpunte wat u ingeneem het in verband met ondermyning die afgelope tyd. Sover dit my aanbetref is hierdie Oorgangsregering van Nasionale Eenheid 'n goeie regering en hy is in staat om vir SWAPO te verslaan, mits ons die regte dinge doen. Wanneer ons praat van verbreding, en ek was persoonlik gekonfronteer in Duitsland met die feit dat die Owambos nie daar is nie. Ek wil vir u sê my eie persepsie is dat Kalangula en Garueb twee sterk leiers is. Ons het hulle nodig en ek is oortuig dat ons die kleiner partye kan akkommodeer, al is dit ten koste van die getalle wat nou daar is. Ek sou vanmôre 'n voorstel gemaak het dat ons R101 so wysig dat daar plek gemaak word vir hierdie mense en dat die onus by hulle is om aan te sluit wanneer hulle wil, sonder om probleme te skep. Mnr die Staatspresident, ek wil vir u sê dat SWAPO is nie alleen besig om vriende te soek nie, hy is ook besig om vriende te koop en hy was al by my ook gewees. Ek is ook bly oor wat die Minister van Finansies hier gesê het en dit is 'n oplossing.

Ek wil net so 'n paar woorde praat oor minderheidsregte. Ek wil nou nie 'n groter storm veroorsaak as wat dit nou alreeds veroorsaak het nie. Wat soek ons in Suidwes-Afrika? Ons soek onafhanklikheid en hierdie onafhanklikheid moet vrede hê, dit moet 'n verbetering wees, dit moet doeltreffend wees en uiteindelik internasionale ondersteuning geniet. As ons nie ontevredenheid wil skep nie, hoe sal ons ooit daar kom deur die regte van minderhede te ignoreer? Ek wil nie meer as dit sê nie. Ek wil net sê dat indien hierdie Regering 'n paar dinge doen, en hy kan staat maak op Suid-Afrika, ek weet, dan kan ons die toekoms tegemoet gaan. Ek sal my nie bepaal tot 'n tyd nie, ek sal normaalweg praat van twee jaar. In twee jaar se tyd kan ons vir SWAPO aandurf en verslaan. Ek weet, maar dan sal ons hierdie goed moet doen. Ons sal ook vriende moet soek en daar is mense wat belangstel. Ek het met Kalangula in besonder gepraat, mnr die Staatspresident, en ek het vir hom gevra hoekom kom jy nie? Toe sê hy ek word beskuldig dat ek nie verteenwoordigend is nie en ek soek 'n verkiesing om te bewys dat ek verteenwoordigend is en as ek nie verteenwoordigend is nie, dan onttrek ek en dan het u nie 'n verdere probleem nie. Ek het na die Weermag gegaan en hulle gevra of hulle 'n probleem daarmee het. Toe het hulle gesê, maar dit kan gereël word, so ek weet nie hoekom doen ons dit nie? Garueb self is ek oortuig daarvan hy het sy kop gestamp en hy is reg om geakkommodeer te word. Ongelukkig is die enigste probleem, solank dit by ons berus, sal ons heelwaarskynlik die mense nie maklik kry om by ons aan te sluit nie. Daarom het ek hier gepraat van, miskien moet 'n mens nou al ruimte skep tot wanneer hulle oortuig is om te kom, dat die plek daar is. Dankie.

Mnr Bezuidenhout

Mnr die Staatspresident, u het netnou aan ons uitgewys dat ons moet sorg dat ons toekomstige staatkundige struktuur nie "top heavy" moet wees nie. Nou dit is juis een van die dinge wat vir ons gehinder het en wat dan nou vir ons ooreen laat kom het dat ons 'n werkbare aanvaarbare alternatief vir proklamasie AG8 daar moet stel, omdat wanneer jy nou daardie verskillende tweede vlak owerhede se lede bymekaar tel, dan kom jy in die omgewing van 244 lede uit plus 62 in die Nasionale Vergadering en dit is nou al 'n struktuur van oor die 300. Hoewel ons op die oomblik uiteenlopende gedagtes het, hoe ons nou kan wegkom van daardie omvang van 'n staatkundige struktuur en om sodanig dan te sorg dat ons 'n goedkoper besteding daar kan stel ten opsigte van ons staatkundige struktuur, is daar uiteenlopende gedagtes op hierdie oomblik en is ons besig in die Gekose Komitee oor Nasionale Eenheid om te skaaf en om te kyk hoe ons mekaar kan akkommodeer. Ek wil net vir u noem dat vanaf totstandkoming van die VPK tot in hierdie stadium, het ons nou, ek weet nie of dit ten goede of ten kwade is nie, 'n reputasie opgebou dat ons verskriklik verskil omdat ons demokrate is, maar, omdat ons redelike mense is, wat versoening voorstaan, dan ontmoet ons altyd iewers in die middel. Ek wil net vir u hierdie versekering gee dat ons wel kennis neem van daardie wyse raad wat u vir ons gegee het en dat ons sal sorg dat ons nie ons hele totale begroting in die regeringstruktuur steek en niks het om die land mee te regeer nie.

President

Baie dankie. Dit is 'n mooi bydrae wat u gelever het. Ek is

saam met u bekommerd en dit is vir ons die grootste probleem. Ek wil afsluit deur net dit te sê, dat mnr Mudge het die kwesie van skakeling weer geopper. Ek dink u moet maar van u kant af vir ons op skrif, deur die AG, laat kry dié terreine waarop u dink daar nou normaalweg skakeling sal wees. Ek praat nie van 'n ding wat opkom waarvoor ons vinnig ekstra maatreëls tref nie. Dan sal ek kyk of ons nie hier uit die SA Regering se geledere ook mense kan aanwys wat op 'n gereelde basis beskikbaar sal wees vir skakeling van dié aard nie. Die Minister van Finansies sal nie altyd teenwoordig kan wees nie, ek weet watter las hy dra, maar hy het 'n adjunk wat kan instaan met opdragte om te handel. Maar laat ons van weerskante kyk, bietjie eksploreer op watter terreine daar gereeld geskakel moet word en dan probeer ons om 'n komitee van daardie skakelkomitee so saamgestel te kry.

Mnr Van Zyl

Kan ek net 'n inlgtingsvraag stel, mnr? Ek is nou juis besig om, deur middel van die AG, 'n afspraak te probeer reël, onder andere met die Minister van Landbou, om te onderhandel in verband met sekere landbou-aangeleenthede. Dit gaan suiwer oor landbou. Dit ressorteer nie daar onder nie?

President

Nee. Ek het nou gepraat na aanleiding van die behoefte wat u self uitgespreek het, maar ek staan nie in die pad van sulke skakeling nie.

Die laaste ding wat ek net wil sê voor ek afsluit. Ek wil u bedank vir die gees waarin ons kon beraadslaag het vanoggend. Vir my was dit goed om weer met u te kon gesels het. Ek wil afsluit deur net een ding te sê. Wyle genl Smuts het in sy tyd 'n ding gesê wat destyds nie op my so 'n indruk gemaak soos wat dit nou, lank na sy dood, op my maak nie. Hy het hier in die Parlement van Suid-Afrika gesê daar sal 'n Derde Wêreldoorlog kom, maar hy sal nooit verklaar word nie en, het hy gesê, hy sal net ontstaan. Toe het hy daarby gesê, ons moet ons verdediging opknap. Toe het iemand vir hom gevra: Teen wie moet ons ons verdedig? Dit staan hier in Hansard. Toe het hy gesê: Teen die hele wêreld. Komende van 'n man soos genl Smuts, wat kort nadat hy van die VVO af teruggekom het as een van die mede-stigters daarvan, so 'n ding te kon sê, dit het destyds by my verby gegaan, maar dit word al hoe meer duidelik vir my, dat daar is sekere elemente in die wêreld wat jy nie kan tevrede stel nie, omdat hulle deel vorm van 'n onverklaarde oorlogsmag. Hulle is teen stabiliteit, teen vooruitgang en teen ewewigtige regering. Daarop moet ons ons voorberei en daarom moet u ook begin dink aan maatreëls wat u nie onder gewone omstandighede sou getref het nie, om hierdie magte teen te gaan nie. Dit is waarom ek hierdie kwessie van die CCN geopper het.

Mnr Botha sê ons sal vir die pers moet sê dat u hier was en die name moet gee van almal wat hier was, dat u op u versoek met ons gesprek gevoer het oor belangrike binnelandse en buitelandse aspekte van Suidwes-Afrika en dat die gesprek in 'n aangename atmosfeer plaasgevind het. (Almal is tevrede.)

Mr Kozonguisi

Mr President, I think I should at this point express my appreciation, our gratitude for having received us. I think what

-35-

comes out of here, as far as I am concerned, is the emphasis on the question of trust. I can assure you, Mr President, that as far as this is concerned, it is my view that this Government was founded on trust and it has got to be maintained on trust. Sometimes we may be called puppets but what is important is what we can do for our people. We know who are our friends and our enemies. What we do externally, we put these things like you feed a computer, because one day when things change the information will already be there. That is why we keep tackling the external world.Thank you very much, Mr President, for receiving us and we wish you everything of the best.

President

Please convey my best wishes to your families and to your country men.

KABINETSDIENSTE
26 MEI 1986
1289K